e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

5 Maart 2009
Jaargang 2 – Uitgawe 5

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad

Toe Hy hulle voete klaar gewas het, sê Hy vir hulle:
"Verstaan julle wat Ek vir julle gedoen het?"
Uit Johannes 13: 12

VOORBLAD

Wetteloosheid op ons paaie

Die gebeure verlede week waar die sestienjarige skooldogter Bernadine Kruger deur die taxibestuurder Percyval Matji doodgery is, het skokgolwe deur die hele land gestuur. Sy is op haar bromponie van agter deur 'n taxi getref wat toe bo-oor haar gery het. Daar is talle oproepe dat Matji van moord aangekla moet word, veral omdat daar 'n groeiende frustrasie onder motoriste is oor wettelose taxibestuurders. Dit blyk uit die 2008-padverkeersverslag dat minibustaxi's proporsioneel by sowat vier keer meer noodlottige ongelukke betrokke is as gewone motors. Daar is klaarblyklik ook twee en 'n half keer meer minibusse as motors wat onpadwaardig of ongelisensieer is.

Hierdie insident is 'n tragiese voorbeeld van 'n groeiende vlaag wetteloosheid wat in hierdie land afspeel. Koerante in dieselfde week berig oor 'n burgemeester wat aangekeer is na 'n jaagtog. Daar word gereeld berig oor konvooie van politici wat op buffelagtige wyse gewone padgebruikers intimideer en teen hoë snelhede voortjaag. Gevalle waar hoogwaardigheidsbekleërs van dronkbestuur aangekla is, wek die indruk dat sommige hulle as verhewe bo die reg beskou. Hierdie toestand vra van owerhede om wet en orde onder alle padgebruikers te herstel.

Dit is altyd maklik om eenkant te sit en beskuldigings te slinger na die wetteloosheid van ander. Die situasie in die land vra van elkeen, in besonder ons as Christengelowiges, om hand in eie boesem te steek. Die kerk moet tog by uitnemendheid die plek wees waar die regte etiese norme gekweek word en waar lidmate bewus gemaak word van wat dit beteken om 'n wetsgehoorsame landsburger te wees. Daar behoort 'n fyn aanvoeling (Fil 1: 9) by elke Christen te wees oor wat reg en verkeerd is.

Tog sal lesers saamstem dat die teendeel eerder waar is, as dit kom by ons eie padgebruik en gehoorsaamheid aan basiese verkeersreëls. Hoeveel kere word jy nie geïrriteerd aangegluur deur 'n motoris wat verbyblits in 'n 60 km-sone nie? Ander kere voel jy geïntimideer om nie doodstil te stop by 'n stopstraat nie, omdat 'n ongeduldige motoris te na en te vinnig op jou afry. Oor die algemeen heers daar 'n aggressiewe padgebruikkultuur onder alle Suid-Afrikaners – vra maar na die indrukke van talle oorsese besoekers.

Vra jouself eerlik af – in hoe 'n mate is jy 'n wetsgehoorsame padgebruiker? Hoeveel kere oortree jy basiese verkeersreëls omdat dit die norm geword het? Sal jy só bestuur as 'n verkeersbeampte langs jou sit? Hoekom doen ons dit in teenwoordigheid van die inwonende God in ons lewe?

Die dood van Bernadine Kruger is 'n ontstellende bewys van wetteloosheid op ons paaie. Die situasie konfronteer my met die ongemaklike vraag – waarvan getuig mý padgebruik? Hopelik van gehoorsaamheid en bedagsaamheid omdat my Christenskap vernuwend inwerk op alle fasette van my lewe.

Ds André Ungerer
Subredakteur

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by **produksie@nhk.co.za**

Ons droom is dat alle mense in Jesus Christus sal glo as hoop vir die wêreld

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhk.co.za**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak asseblief die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas.

Ds Rika van Staden

Ds Ronel Eckard

Beroep ontvang

- **Dr Ernest Marran** van Waterval Boven na die Piet Retief-kombinasie (Piet Retief/Pongola/Amsterdam).
- **Ds Rika van Staden** (beroepafwagtend) na Welkom.
- **Ds Ronel Eckard** (beroepafwagtend) na Coligny (deeltyds).
- **Ds André Thomas** van Welgelegen-Pietersburg na Oos-Moot in Pretoria.

Ds André Thomas

Ds Herman Gothan

Beroep aanvaar

- **Ds Herman Gothan** van Utrecht (deeltyds) na Heilbron (deelversorging).

Beroep bedank

- **Ds Johann Mouton** van Ventersdorp na die Kurumankombinasie.

Vakante standplase

- **Gemeente Pretoria-Oos** wag aansoeke in om hul vakante **volsorgstandplaas** te vul. Die suksesvolle kandidaat sal oor ongeveer 15 jaar ervaring in die bediening beskik. Kandidate moet bereid wees om 'n erediens in die gemeente te lei en 'n gesprek met die beroepskomitee te voer. Aansoeke met 'n volledige CV moet die skriba **voor of op 15 Maart 2009** bereik by Posbus 36318, Menlopark 0102, of elektronies by **ptaoos@nhk.co.za**. Die Kerkraad behou die reg voor om 'n predikant te beroep wat nie aansoek gedoen het nie. Navrae kan gerig word aan oudl Tom Moodie (voorsitter: ouderlingevergadering) by 082 553 8765, of oudl Roelf Coertze (skriba) by 082 908 3368.

- **Gemeente Oudtshoorn** beskik oor 'n vakante **deeltydse standplaas**. Predikante en emeriti wat graag daar wil werk, kan die skriba, Antoinette Olivier, kontak by 084 955 3106, of die konsulent, ds Ferdie Nortjé, by 044 871 2125 / 083 469 6862.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- Die vader van **dr Wilhelm Coetzer** is op Vrydag 27 Februarie oorlede. Die Kerk se voorbidding word gevra vir dr Coetzer en sy familie.

- **Dr Hennie van Deventer** van Gemeente Pretoria-Oos het 'n terugslag gehad en moet weer 'n hartprosedure ondergaan. Ons bid dat dit gou beter sal gaan.

Dr Barry van Wyk

Ds Frans Marais

- **Dr en mev Barry van Wyk** word op Sondag 8 Maart in hulle nuwe gemeente, Waterberg-Wes, ontvang. Hy het onlangs afskeid geneem van Gemeente Springs, waar hy gewerk het sedert 2007. Dr Van Wyk word deur ds WP Prinsloo, die voormalige predikant van Waterberg-Wes, in sy amp bevestig en lewer daarna sy intreepreek.

- **Ds en mev Frans Marais** word op Sondag 8 Maart deur hulle nuwe gemeente, Grootvlei, ontvang. Hy was voorheen predikant van Roedtan en later Vaalharts. Sy vertrek uit die ring van Noord-Kaapland laat nog 'n vakature in die ring, waar hy ook ringskriba was. Ds Marais volg ds Chris Liebenberg op, wat die beroep na Warmbad aanvaar het.

Prof Jimmie Loader

- Die besluit van ds Herman Gothan om die beroep na Heilbron te aanvaar, is 'n aanwins vir Heilbron en die ring van Heilbron, maar terselfdertyd 'n verlies vir **Utrecht en die ring van Noordelike Natal**. Ds Gothan was die ringskriba en het in deeltydse hoedanigheid in Gemeente Utrecht gewerk. Mev Gothan, Alida, het skoolgehou, maar ondergaan tans intensiewe chemoterapie teen kanker. Voorbidding word vir haar gevra.

- **Prof Jimmie Loader** ontvang op 23 April 'n eredoktorsgraad van die Universiteit van Pretoria (UP). Hy sal dan saam met sy vrou in Pretoria wees.

Ds Naas Lombard

- **Ds Naas Lombard**, predikant van Suidoos-Witbank, vier op Sondag 8 Maart sy 25ste ampsjubileum. Hy het voorheen die gemeentes Kroonstad en Waterval Boven bearbei. Sedert 1989 werk hy in Suidoos-Witbank. Hy het verskeie kere as ringskriba en voorsitter gedien.

- Op Sondag 18 Januarie het Gemeente Schweizer-Reneke hulle nuwe predikant ontvang. **Ds Rudi Schoeman** is deur emeritusprof Hennie van der Westhuizen in sy amp bevestig, waarna hy sy intreepreek gelewer het met as teks Johannes 21: 15-19. Onder die aanwesiges was di Tharina Steenkamp van Potchefstroom (suster van ds Schoeman), Frans Marais van Vaalharts, en predikante uit die ring van Maquassi, waaronder di Leslie Kern van Delareyville, Theuns Botha van Ottosdal en dr Daan van Wyk (jr) van Wolmaransstad. Dr Van Wyk het namens die ring en die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) die woord gevoer. Vanuit die ander Afrikaanse kerke was ds LJ Erasmus van die Gereformeerde Kerk Schweizer-Reneke teenwoordig. Van Januarie 2005 tot Desember 2008 was ds en mev Schoeman die pastoriepaar op Welkom waar hulle eersteling, Stephan, ook gebore is.

Ds Leslie Kern, ds Frans Marais, dr Daan van Wyk, ds Rudi Schoeman, ds Tharina Steenkamp, prof Hennie van der Westhuizen, ds Theuns Botha en ds LJ Erasmus

Dr Ernest Marran

Ds Johan Ayres

- Die foto wat verlede week in die *e-Hervormer* verskyn het by die berig oor **dr Ernest Marran** van Waterval Boven, was eintlik dié van **ds Johan Ayres** van Germiston. Hierby kan u nou sien hoe albei lyk!

- Die aansoek om hertoelating tot die evangeliebediening van **Werner Olivier**, voormalige predikant van die Kerk, word deur die Kommissie van die AKV hanteer tydens 'n vergadering op 5 Maart. Hy is tans lidmaat van Gemeente Meyerspark.

- Die volgende **predikante verjaar tot 11 Maart** en word van harte gelukgewens:

  - Donderdag 5 Maart: Ds Jasper van der Westhuizen
  - Vrydag 6 Maart: Ds Mariaan Delport
  - Saterdag 7 Maart: Dr André Botma en ds Deon du Toit
  - Sondag 8 Maart: Dr Johan Steenkamp
  - Maandag 9 Maart: Di Carl Potterill en Louw van der Linde
  - Dinsdag 10 Maart: Di Thomas Dreyer (Wapadrand) en Hardie Kotzé
  - Woensdag 11 Maart: Dr Malan Storm

- Lede van die **Kommissie** van die AKV sal weer vanjaar alle **ringsvergaderings** bywoon. Dit is vir die Kommissie van groot belang om persoonlike kontak met ringsvergaderings te behou, veral met ringe in verafgeleë gedeeltes van die Kerk.

  In die komende week vind die volgende ringsdiakensvergaderings plaas:
  - Saterdag 7 Maart: Krugersdorp
  - Saterdag 7 Maart: Laeveld
  - Sondag 8 Maart: Germiston
  - Sondag 8 Maart: Losberg
  - Sondag 8 Maart: Pretoria-Noord
  - Sondag 8 Maart: Trichardtsfontein
  - Maandag 9 Maart: Vereeniging

- Op Donderdagaand 5 Maart vind die **legitimasieplegtigheid** van 2008 se twee finalejaarstudente, een student uit die vorige jare en twee voormalige predikante wat hertoegelaat word tot die evangeliebediening plaas in die kerkgebou van Gemeente Pretoria. Dr Daan van Wyk (jr) sal die erediens lei, en gelukwense aan die kandidate sal oorgedra word deur prof Theuns Dreyer (namens die Kommissie van die AKV), dr Johan Otto (namens die Kuratorium) en prof Johan Buitendag (namens die Fakulteit Teologie).

- Predikante is verplig om die Hervormde Teologiese Kollege (HTK) se Voortgesette Toerusting by te woon. Die twee VTT-geleenthede vanjaar is **2-3 Junie** en **10-11 November.** Dit vind plaas in die kerksentrum van Gemeente Villieria, en die tema is *Persoonlike vaardighede* (byvoorbeeld konflikhantering, beïnvloeding en emosionele intelligensie). Laat weet **mev Betsie Brits** asseblief **voor 26 Mei** indien u die geleentheid in Junie wil bywoon. Enige navrae kan ook aan haar gerig word, by 012 420 5393, faks 012 420 4303 of **betsie.brits@up.ac.za**



Prof Piet Venter

- **Gemeente Hartebeeshoek** in Akasia (Pretoria) voer in Maart die **Passiespel** op. Al die akteurs, spreekkoorlede en sangers sal lidmate van die gemeente wees. Die uitvoerings is op Donderdag 5, Vrydag 6 en Saterdag 7 Maart om 19:00, en 'n middaguitvoering vir bejaardes om 14:00 op Sondag 8 Maart. Dit vind plaas in die kerkgebou, hv Plantain- en Oaklandsstraat, The Orchards, Akasia. Toegang is R20 per persoon. Skakel Estelle Bezuidenhout by 072 882 9922 vir meer inligting of om te bespreek.

- Verskeie predikante en lidmate neem op Sondag 8 Maart deel aan die **Argus-fietswedren**. Prof Piet Venter neem vir die 15de keer deel, en dr Wouter van Wyk en sy vrou Susan vir die sesde keer. Ds Martin Meyer en ds en mev Theuns Botha en hulle kinders neem ook vanjaar deel. Ons wens hulle en enige ander predikante of lidmate wat deelneem, sterkte toe.

- Sowat 40 studente van **Gemeente Philadelphia** onderneem in die Junie-vakansie 'n twee week lange **fietstoer na Mpumalanga** om fondse in te samel vir projekte wat Die Ondersteuningsraad, Diakonale Pleegsorgstelsel, Jakaranda-kinderhuis, bejaardesorg en ander aksies ondersteun. Organisasies, besighede, gemeentes en individue sal genader word vir donasies. Die studente wil vanjaar meer hulp van korporatiewe instansies bekom, en daarom help die ***to care foundation*** met beplanning en bemarking. Die toer begin op 27 Junie, en Bronkhorstspruit, Witbank, Groblersdal, Middelburg, Ermelo, Badplaas, Barberton, Malelane, Nelspruit, Sabie en Lydenburg gaan besoek word. Vir meer inligting oor die fietstoer, fondsinsameling of om 'n donasie te maak, kontak ds Martin Slabbert by 082 655 4787 of Dries Beukes (toerleier) by 083 233 6313.

ANDER NUUS

Hervormde Teologiese Studies (HTS) aanlyn

- Op Maandag 2 Maart het die *Hervormde Teologiese Studies (HTS)* die eerste teologietydskrif in Suid-Afrika geword om aanlyn te publiseer (**www.hts.org.za**). Dit is gevier in die Senaatsaal van UP. 'n Formele kontrak tussen die eienaar van die tydskrif, die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA), en die diensverskaffer, *African Online Scientific Information Systems* (AOSIS), is ook by die geleentheid onderteken.

Prof Andries van Aarde (redakteur van die *HTS*)

Die *HTS* is reeds in 1943 gestig, en daar is sedertdien sonder uitsondering vier aflewerings per jaar gepubliseer. Die tydskrif word uitgegee deur die HTK, wat aan UP gesetel is, en bedryf met die ondersteuning van die Fakulteit Teologie en die Hervormde Kerk. Prof Andries van Aarde, ereprofessor van die Fakulteit Teologie aan UP, is reeds die afgelope 24 jaar lank die redakteur. Die voorsitter van die redaksie is prof Johan Buitendag, adjunkdekaan van die Fakulteit Teologie, en die mederedakteur is prof Yolanda Dreyer.

Mnr Kobus Viljoen (Administrateur), prof Andries van Aarde (redakteur, *HTS*), ds Dries Beukes (voorsitter, Raad van Finansies), mev Trudie de Villiers (AOSIS) en prof Pierre de Villiers (AOSIS)

Die *HTS* word voortaan aanlyn gepubliseer deur AOSIS. Die besturende direkteur van AOSIS, prof Pierre de Villiers, het verduidelik wat die voordele van aanlynpublikasies is: Die hele publikasieproses kan nou vinniger en meer effektief bestuur word, daar is groot kostebesparings moontlik, en die publikasie is 24 uur per dag volkome gratis beskikbaar vir enigeen in die wêreld. Die eerste artikel wat – in die teenwoordigheid van die aanwesiges – aanlyn gepubliseer is, is 'n artikel van die Dekaan van die Fakulteit Teologie, prof Cas Vos.

Prof Theuns Dreyer, hoof van die HTK en voorsitter van die Kommissie van die AKV, het die redakteur en almal wat aan die verwesenliking van hierdie ideaal meegewerk het, bedank. Hy het in die besonder dank uitgespreek teenoor die Hervormde Kerk wat die *HTS* 65 jaar lank finansieel ondersteun het, en UP wat aan die tydskrif 'n staanplek bied en hopelik ook in die toekoms 'n groter finansiële bydrae tot die publikasie van die tydskrif sal lewer.

- **Die Kuratorium se 100ste bestaansjaar** word vanjaar herdenk. Op Donderdag 5 Maart geniet lede van die Kommissie van die AKV, die Kuratorium, dosente en alle vorige voorsitters van die Kuratorium en hulle gades wat nog lewe saam middagete. Ds Gert Roos is die oudste lewende voorsitter, en dr Johan Otto die jongste. Die finalejaarstudente wat dieselfde aand toegelaat word tot die evangeliebediening, sal ook teenwoordig wees.

- Die **evaluering van voornemende teologiestudente** vind elke jaar by UP plaas gedurende die Junie/Julie-skoolvakansie. Matrikulante en persone wat reeds gematrikuleer het, kan aansoek doen vir evaluering om as student van die Kerk te studeer. Aansoekvorms kan aangevra word vanaf die Administrateur, Kuratorium vir die Teologiese Opleiding, Posbus 2368, Pretoria 0001; tel 012 420 5393, faks 012 420 4303; e-pos **betsie.brits@up.ac.za**. Die sluitingsdatum vir inhandiging van volledig voltooide aansoeke is 30 April.

- Die afvaardiging van **WARC** is nou in Suid-Afrika. Hulle sal met verskeie ledekerke gesprek voer, ook met die MRCC en die NHKA. Die gesprek met die Kommissie vind Vrydagmiddag en -aand plaas.

- Hannelie Fourie van **Bejaardesorg** vestig die aandag daarop dat hulle Bestuurskomiteevergaderings bestaan uit Ons Tuis en die Monumenttehuise. Hulle toekomstige vergaderings is die volgende:

Finansiële komitee (Ons Tuis en Monumenttehuise)

6 Julie:	Ons Tuis Raadsaal (14:00)
24 Augustus:	Ons Tuis Raadsaal (14:00)
2 November:	Ons Tuis Raadsaal (14:00)

Ons Tuis Beleggings

6 Julie:	Ons Tuis Raadsaal (13:00)
24 Augustus:	Ons Tuis Raadsaal (13:00)
2 November:	Ons Tuis Raadsaal (13:00)

Bestuurskomitee (Ons Tuis en Monumenttehuise)

30 Julie:	Ons Tuis Raadsaal (13:30)
3 September:	Ons Tuis Raadsaal (13:30)
19 November:	Ons Tuis Raadsaal (13:30)

Ons Tuis Direksie

12 Maart:	Ons Tuis Raadsaal (14:00)
27 Augustus:	Ons Tuis Raadsaal (14:00)

Monument Direksie

19 Maart:	Emily Hobhouse-tehuis (14:00)
13 Augustus:	Emily Hobhouse-tehuis (14:00)

- **Ons Tuis** hou op **Saterdag 7 Maart van 08:00 af basaar.** Die ingang is in Parkerstraat, Riviera, Pretoria. Gaan geniet heerlike eetgoed en koop topgehalte naaldwerk deur die inwoners self gemaak, en items op die witolifant-, boeke- en groentetafels. Die inkomste help onder meer om die verblyf van mense wat nie oor die nodige fondse beskik nie, te borg. Kontak mev Marietjie Kok by 012 333 1652 of 082 405 6146 indien u 'n bydrae wil maak.

- Daar is nog heelwat van die **boeke** wat onlangs deur SENTIK afgeskryf is, by die sinodale Kerkkantoor beskikbaar. Skakel met mev Susann van Zyl by 012 322 8885 of **sentik@nhk.co.za** indien u enige navrae daaroor het.

- Gemeentes moet **nie voor 23 Maart** enige argiefstukke na die Argief bring nie. Skakel asseblief met die argivaris, mnr Nándor Sarkady, by 012 322 8885 voordat u die Argief besoek. Navorsers kan ook nie in hierdie stadium toegang tot die Argief kry nie, aangesien die instandhoudingswerk nog nie afgehandel is nie.

- **Ander belangrike vergaderings tot 4 Maart**

    - Die Kommissie van die AKV op Donderdag 5 en Vrydag 6 Maart. Dit is die gewone kwartaallikse vergadering.
    - Die Komitee vir Liturgiese Geskrifte op Maandag 9 Maart.
    - Die Nagraadse Beurskomitee en Kuratorium op Dinsdag 10 Maart.
    - Die Direksie van die Kinderhuise op Woensdag 11 Maart.

Die Hervormer van Maart nou beskikbaar

Die eerste uitgawe van *Die Hervormer* onder die redakteurskap van dr Gerhard Lindeque het pas verskyn.

Lees in die Maart 2009-uitgawe van die Kuratorium wat op 19 Maart 100 jaar oud is. Die nuwe redakteur som dit so op: *In dit alles kan 'n mens die hand van die Here sien, en moet ons aan Hom alle eer gee. Die feit dat daar vanjaar weer 'n groot getal eerstejaarstudente aangemeld het vir teologiese opleiding, maak 'n mens opgewonde. Het die Heer van die kerk dalk 'n plan met sy kerk waarvan ons nie bewus is nie? Kom ons bid vir ons studente en dosente.*

Ook die middelblad van dié uitgawe gedenk die kosbare werk rakende ons Kerk se teologiese opleiding.

Besoek **www.hervormer.co.za** om meer te lees oor die betrokke uitgawe.

AGTERBLAD

Gesamentlike verklaring van die drie susterkerke

Verklaring van die Sinodevoorsitters van die drie Afrikaanse Kerke in oorleg met hulle Kommissies insake die komende Algemene Verkiesing

27 Februarie 2009

Die drie Afrikaanse Kerke, naamlik die Gereformeerde Kerke in Suider-Afrika, die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en die Nederduitse Gereformeerde Kerk, beskou dit as hulle profetiese roeping om etiese kwessies in die Suid-Afrikaanse samelewing aan te spreek. Die kerke wil, met die oog op die komende verkiesing, namens Christene op sekere uitgangspunte wys.

Alle geregistreerde burgers van die land het die reg én die plig om aan die politiek deel te neem. Vir Christene beteken dit nie net om te stem nie, maar ook om op alle vlakke deel te neem aan die politieke gesprek wat die verkiesing voorafgaan. Sulke gesprekke kan daartoe bydra om helderheid oor bepaalde politieke kwessies te verkry.

Die koninkryk van God gaan wyer as die grense van die kerk. Daarom moet Christene binne en buite die politiek regverdigheid teenoor alle mense, ongeag ras, kleur, geloof of geslag, bevorder. Elke stem in die huidige minderheids- of meerderheidspartye moet daarop aandring. Die ideaal van Suid-Afrika as 'n nie-rassige land moet gekoppel word aan algemene reg en geregtigheid.

Met regverdigheid as maatstaf, beklemtoon ons die volgende:

- Die handhawing van Suid-Afrika as 'n verklaarde regstaat. Dit beteken die handhawing van die Grondwet én die onafhanklikheid van die regbank wat aangewys is om dit toe te pas. Hierdie uitgangspunt word ondermyn as die Grondwet en die wette van die land nie op dieselfde manier op alle burgers, bekend en minder bekend, van toepassing gemaak word nie. Regeringslede kan nie met 'n skoon gewete staatkundig lei as hulle nie self

die Grondwet van die staat en wetsgehoorsaamheid versimboliseer of uitleef nie. Die handhawing van die Grondwet is juis een van die belangrikste instrumente wat tans in Suid-Afrika beskikbaar is om regverdigheid aan almal te verseker.

- Omdat die Grondwet regverdigheid, vryheid en menswaardigheid aan alle burgers van die land wil verseker, is dit net billik om daarop aan te dring dat alle stemgeregtigde kiesers moet kan stem, ook diegene wat tydelik buite Suid-Afrika verkeer. Ons neem met dank kennis van pogings deur die Onafhanklike Verkiesingskommissie in dié verband, maar versoek tog dat teikendatums só gestel en só wyd bekendgemaak word dat soveel moontlik geregistreerde kiesers hulle stem kan uitbring.

- Uitskakeling van korrupsie, misdaad en wetteloosheid op alle vlakke is ’n voorvereiste vir ’n regverdige en stabiele samelewing. Die geloofwaardigheid van ’n regering in ’n demokratiese staat hang af van sy integriteit en vermoë om te lewer wat hy belowe. Die talle verkiesingsbeloftes van politieke partye oor sake soos effektiewe regering, dienslewering, veiligheid, onderwys, ekonomie, die bestryding van MIV/vigs en die bekamping van misdaad moet uiteindelik waar gemaak word as daardie party aan bewind sou kom.

- Ons bepleit ook politieke verdraagsaamheid in ’n staat waarin vryheid van spraak en stemreg aan almal gewaarborg word. Vreedsame, vrye politieke prosesse skep ’n groter moontlikheid om die aandag weg te lei van emosionele drif en fisiese geweld na ’n regverdige ruimte vir almal. Regverdige verkiesings is slegs moontlik indien dit in ’n gees van verdraagsaamheid kan plaasvind waar alle politieke partye die geleentheid het om hulle saak te stel. Regverdigheid en verdraagsaamheid teenoor almal is die basis waarop almal kan saamwerk vir ’n beter Suid-Afrika.

Ons wil alle politieke partye wat aan die komende verkiesing in April in Suid-Afrika deelneem, verseker van ons erns met hierdie verklaring en ons voorbidding dat die Here hulle hierin sal lei voor en na die verkiesing. Ons is ook daarvan bewus dat talle van hulle die uitgangspunte van hierdie verklaring onderskryf. Mag ons getuienis hulle in hulle benadering versterk.

Prof Theuns Dreyer (Nederduitsch Hervormde Kerk)
Dr Neels Smit (Gereformeerde Kerke in Suider-Afrika)
Prof Piet Strauss (Nederduitse Gereformeerde Kerk)